OMGEEDIENS

In die nuwe jaar dink 'n mens onwillekeurig aan dit wat voorlê. As't ware ook 'n nuwe begin. Doelwitte wat ons wil bereik, of eerder belangrike rigtingwysers in díe jaar, om regtig God se wil vir my lewe te soek, deur in Hom te bly (Joh 15:4,5). Wat gaan ons **anders** díe jaar doen om doelbewus 'gesonde ruimtes' te skep, vir ons gesinne, kinders en medemens om hartliker, mooier en vriendeliker met mekaar om te gaan. Verandering gebeur juis wanneer ons **waarde** in mekaar raaksien, wat moontlikhede skep en hoop vestig.

Ons deel graag inligting wat u kan hou vir toekomstige gebruik asb:

1. Ons kantoor ontvang graag die volgende vir verspreiding aan crèches: kleuter speelgoed, opvoedkundige artikels soos legkaarte, telrame ens
2. Netjiese klere vir kleuters.
3. Nie-bederfbare voedsel vir behoeftige gesinne.
4. Toiletware.
5. Groente steeds welkom.
6. Dubbeldraad wol en materiaal.
7. Ons maak van tyd tot tyd **spesifieke behoeftes bekend**.

Skakel asb. die volgende instansies direk t.o.v. reëlings met ander skenkings:
Durbanville Kinderhuis Tel 021 975 6822. Hulle ontvang o.a. boeke, kinderklere ens.
BADISA Trio Kraaifontein Tel: 021 987 2940. Hulle benodig klere vir volwassenes, kombuisware ens. **Shiloh** Tel 021 981 8236. Skoolbenodigdhede ens.
Voedselkoopbewyse, R50 'n boekie met 10 kaartjies vir die verantwoordelike gee aan Straatmense is by die Kerkkantoor beskikbaar.

Verwys gerus persone in nood na die Omgeediens, sodat hulle op 'n toereikende manier gehelp word en deel word van 'n Maatskaplike proses.

GEMEENTEBULLETIN

Durbanville Gemeente

KERKKANTOOR
Tel: 021 975 6370
E-pos: ontvangs@durbanvillegemeente.co.za
Webblad: www.durbanvillegemeente.co.za
Facebook: Durbanville Gemeente
Instagram: @durbanvillegemeente
Twitter: @Dgemeente

Dissipels van Jesus, saam in diens van God se nuwe wêreld

BANKBESONDERHEDE
ABSA, Durbanville-tak, Rekeningnommer: 1410580019
Naam: NG Gemeente Durbanville.
Verw: *bv. RVos / MDO*

HARTLIKE WELKOM BY VANDAG SE EREDIENS!

TYD	WAAR	VANDAG 21 JANUARIE 2018	VOLGENDE WEEK 28 JANUARIE 2018
		Teks: Kol 1: 9-14 **Verbind aan Christus**	***Teks: Kol 3:12-17*** **Verbind aan mekaar**
09:00	**Klassieke Diens (Kerk)**	Ds. André Agenbag	Ds. André van Wyk (afskeidspreek) Nagmaal
09:00	**Familiediens (Sentrum) Jeuggroepe Voorskool tot Gr. 5**	Ds. Jana Dickason	Ds. André Agenbag Nagmaal
18:00	**Aanddiens (Kerk) Jeuggroepe Gr. 6 – 11**	Dr. Tinus van Zyl	Dr. Tinus van Zyl Nagmaal

TEKS: KOLOSSENSE 1: 9-14

9 Daarom, van die dag af dat ons van julle gehoor het, hou ons ook nie op om vir julle te bid nie. Ons vra God dat Hy deur al die wysheid en insig wat die Gees gee, julle sy wil duidelik sal laat ken, 10 sodat julle tot eer van die Here sal lewe deur net te doen wat Hy verlang. Mag julle vrugte dra deur goeie werke en toeneem in die kennis van God. 11 Mag God deur sy wonderbare krag julle alle sterkte gee om in alle omstandighede geduldig te volhard. 12 Met blydskap moet julle die Vader dank wat julle geskik gemaak het om deel te hê aan die erfenis wat vir die gelowiges wag in die ryk van die lig. 13 Hy het ons uit die mag van die duisternis weggeruk en ons onder die heerskappy gestel van sy Seun wat Hy liefhet. 14 Deur die Seun het ons die verlossing verkry, die vergewing van ons sondes.

VERBIND AAN CHRISTUS

DANKBAARHEIDSMAAND

Baie dankie vir lidmate wat reeds bygedra het tot die Dankbaarheidsmaand.
Die mooi bedrag reeds geïn is **R1 339 800.** Ons mikpunt is R1 600 000.

VOORBIDDING

Weet jy van iemand wat siek of in die hospitaal is? Laat weet asb. vir Christa by die kerkkantoor 021 975 6370 X 103 / admin@durbanvillegemeente.co.za, sodat ons ook vir hulle kan bid / besoek.

Ons dink in ons gebede aan die volgende lidmaat wat siek is of behandeling ontvang:

- Urna Burger

Ons innige simpatie aan die gesinne en familie met die afsterwe van:

- Elma Rossouw
- Yvonne Smith

BAIE DANKIE AAN ONS VRYWILLIGERS VANDAG!

Efmé Coetzee, Tossie Kellerman, Liezl Marx en selgroep, Ina Jooste, Dries en Betsie Conradie, Tjaart en Elmarie Coetsee, Francois van Rensburg en Kobus en Riana Knoblauch

OFFERGAWES

Vandag se Sinodale offergawe gaan aan die **Gemeentebediening**
Die Taakspan vir Gemeentebegeleiding (voorheen: Gemeentebediening) glo dat gemeentes God se geskenk is aan die wêreld. Ons glo dat gemeentes vandag opnuut geroep word om deel te neem aan die inbraak van die Koninkryk. Ons begelei gemeentes in geloofsonderskeidende prosesse om hulle roeping te ontdek in die gemeenskap waar die Here hulle geplaas het en om die verskillende aspekte van hulle bediening in lyn daarmee aan te pas en te vernuwe. Die proses word die *Communitas Reis in Geloofsonderskeiding* genoem, wat 'n omvattende proses vir 'n gemeente is. Die Taakspan lei begeleiers op en ontwikkel prosesse en materiaal wat gemeentes in die verskillende streke en ringe hierin begelei.

DURBANVILLE GEMEENTE BANKBESONDERHEDE
ABSA, Durbanville-tak, Rekeningnommer: 1410580019
Naam: NG Gemeente, Durbanville.

Indien jy enige bydrae elektronies inbetaal, gebruik jou noemnaam en van as verwysing asook waarvoor die inbetaling is. Baie dankie!

Of betaal met SnapScan

OPWINDWENDE VERRANDERINGE: JEUGGROEPE

Ons is baie opgewonde oor die Jeugbediening vir 2018!

Graad 4 – 5 kinders se jeuggroepe sal ook soos Voorskool tot Graad 3 tydens die Familiediens plaasvind

Inskrywings van Voorskool tot Graad 5 vind vanoggend 09:00 in die Familiediens plaas.

Ons begin met 'n nuwe aanddiens Alive, wat fokus op Praise and Worship en boodskappe wat op hedendaagse lewe gerig is.

Alle tieners van Graad 6 tot 10, asook die Belydenisklas, kom na die aanddiens in die kerk bymekaar. Indien jou kinders of tieners by ons inskakel, kan jy die inligtingsvorm vir ons sommer elektronies invul by www.durbanvillegemeente.co.za

Die inligtingsvorms sal ook beskikbaar wees by die Familiediens om 09:00 en die Alive aanddiens om 18:00.

OPSOEK NA JEUGGROEPLEIERS VOORSKOOL TOT GR 10

Met elke doop in ons geloofsgemeenskap beloof ons as lidmate van hierdie geloofsgemeenskap, dat ons elke kind sal bystaan en saam toerus in die woord en liefde van God.
As jy voel jy wil hierdie belofte uitleef as 'n groepleier, maak dan asb. met ons kontak: jana@durbanvillegemeente.co.za of 0826141728
Ons sien uit om jou te verwelkom by ons span mense

BESTUURDER ADMINISTRASIE BY STELLENBERG-GEMEENTE, EVERSDAL:

Stellenberg-gemeente is 'n makro-gemeente in die noordelike voorstede van Kaapstad. Aansoeke word ingewag vir bogenoemde pos. Die persoon sal verantwoordelik wees vir die bestuur van personeel en administratiewe prosesse binne die kerkkantoor en gemeente. Die geskikte kandidaat moet oor bewese bestuurservaring beskik.
Kontakpersoon Marguerite Bester, stellenberg@stellenberg.co.za
CV's kan na genoemde epos adres gestuur word. Sluitingsdatum 29 Januarie metdiensaanvaarding so spoedig moontlik daarna.

DURBANVILLE /BERGSIG SENIOR KLUB

Ons afskop vir 2018 vind plaas op **Donderdag 25 Januarie 2018** om **09:30** by Bergsig Gemeente

Aansluitingsfooi beloop R50 per persoon.
Enige navrae kan gerig word aan **Marietjie Marais**. Tel: 021 975 0207 of **Etha Korf** Tel: 021 976 3575

Sien julle daar!

Wat is ’n vrywilliger? ’n Vrywilliger is iemand wat van sy tyd, liefde, omgee, kennis en dikwels geld “gee” en geen betaling daarvoor ontvang nie. Vrywilligers is gewoonlik mense wat graag iets vir iemand anders wil beteken.

’n Gemeente het vrywilligers nodig wat kan opstaan en hande vat om die werk in die gemeente gedoen te kry tot uitbreiding van God se koninkryk en Sy eer. Vrywilligers is nodig op elke terrein van ‘n gemeente en gemeenskap - dit is hier waar jy die hande en voete van Jesus kan wees en waar jy as lidmaat van jou gemeente Gemeente, ’n verskil in die gemeenskap help maak.

Elkeen van ons het unieke gawes van God ontvang en het nodig om dit te gebruik tot voordeel van ander.

Is jy bereid om aan te meld as 'n vrywilliger?

Hier is ’n paar voorbeelde:-

- Neem verantwoordelikheid om die tuine op ons kerkgrond te versorg
- Help by die kinderbediening of tienerbediening as kategeet, kom dien op die span wat saam beplanning doen.
- Neem inisiatief as kleingroepleier met 'n splinternuwe kleingroep OF skakel by 'n kleingroep in, indien jy nog nie iewers behoort nie.
- Neem inisiatief met reëlings en koördinering van uitreike OF sosiale byeenkomste in die gemeente.
- Skakel by die bestaande gasvryheidsgroep in wat die verwelkoming voor eredienste by die deure hanteer. Mans, Vroue en Kinders ook welkom!
- OF help tydens eredienste met die opneem van offergawes en bediening van nagmaal

Wat is ’n vrywilliger? ’n Vrywilliger is iemand wat van sy tyd, liefde, omgee, kennis en dikwels geld “gee” en geen betaling daarvoor ontvang nie. Vrywilligers is gewoonlik mense wat graag iets vir iemand anders wil beteken.

’n Gemeente het vrywilligers nodig wat kan opstaan en hande vat om die werk in die gemeente gedoen te kry tot uitbreiding van God se koninkryk en Sy eer. Vrywilligers is nodig op elke terrein van ‘n gemeente en gemeenskap - dit is hier waar jy die hande en voete van Jesus kan wees en waar jy as lidmaat van jou gemeente, ’n verskil in die gemeenskap help maak.

Elkeen van ons het unieke gawes van God ontvang en het nodig om dit te gebruik tot voordeel van ander.

Is jy bereid om aan te meld as 'n vrywilliger?

Hier is ’n paar voorbeelde:-

- Neem verantwoordelikheid om die tuine op ons kerkgrond te versorg
- Help by die kinderbediening of tienerbediening as kategeet, kom dien op die span wat saam beplanning doen.
- Neem inisiatief as kleingroepleier met 'n splinternuwe kleingroep OF skakel by 'n kleingroep in, indien jy nog nie iewers behoort nie.
- Neem inisiatief met reëlings en koördinering van uitreike OF sosiale byeenkomste in die gemeente.
- Skakel by die bestaande gasvryheidsgroep in wat die verwelkoming voor eredienste by die deure hanteer. Mans, Vroue en Kinders ook welkom!
- OF help tydens eredienste met die opneem van offergawes en bediening van nagmaal

- Dalk het jy die gawe van lering ontvang en kan jy betrokke raak by ons kursusse.
- Het jy dalk 'n hart vir senior mense om drie of vier besoekpunte onder jou vlerk te neem en deur die jaar besoeke te doen?
  Skakel in by die Omgeediens en bied ondersteuning met ’n besoek/sms/whatsapp
- Of kom deel asb. met ons jou passie waar jy jouself as 'n vrywilliger sien.

Maak asseblief kontak met enige van ons leraars of kontak gerus die dames in die kerkkantoor. (021 975 6370) Of maak kontak per e-pos: ontvangs@durbanvillegemeente.co.za

---

EK MELD AAN AS VRYWILLIGER

Maak asb. ‘n kruisie by die bediening waarby jy graag sou wou betrokke raak, en die Kerkkantoor sal jou so spoedig moontlik terug skakel.

Naam: _____

Van: _____

Selnommer: _____

Merk asb. met ‘n X

Teebeurte		Blombeurt (Kerk)	
Gasvryheid		Blombeurt (Saal)	
Kleingroepbediening		Offergawes en Nagmaal	
Jeugbediening		Omgeediens	
Seniorbediening		Vou van bulletin op Vrydae	
Sopkombuis		Uitreike	
Kommunikasie		Kerklike Feeste	
Klassieke erediens		Vrouebediening	
Familiediens		Mannebediening	
ALIVE Aanddiens		Gebedsbediening	
Musiekbediening *‘Band’*		Koor (Kerk)	
		Gemeentefeeste (Sosiaal)	

Plaas asb. hierdie vormpie in die offergawesakkie OF nuwe intrekkers toonbank OF die kerkkantoor in
OF epos ons gerus by ontvangs@durbanvillegemeente.co.za

- Dalk het jy die gawe van lering ontvang en kan jy betrokke raak by ons kursusse.
- Het jy dalk 'n hart vir senior mense om drie of vier besoekpunte onder jou vlerk te neem en deur die jaar besoeke te doen?
  Skakel in by die Omgeediens en bied ondersteuning met ’n besoek/sms/whatsapp
- Of kom deel asb. met ons jou passie waar jy jouself as 'n vrywilliger sien.

Maak asseblief kontak met enige van ons leraars of kontak gerus die dames in die kerkkantoor. (021 975 6370) Of maak kontak per e-pos: ontvangs@durbanvillegemeente.co.za

---

EK MELD AAN AS VRYWILLIGER

Maak asb. ‘n kruisie by die bediening waarby jy graag sou wou betrokke raak, en die Kerkkantoor sal jou so spoedig moontlik terug skakel.

Naam: _____

Van: _____

Selnommer: _____

Merk asb. met ‘n X

Teebeurte		Blombeurt (Kerk)	
Gasvryheid		Blombeurt (Saal)	
Kleingroepbediening		Offergawes en Nagmaal	
Jeugbediening		Omgeediens	
Seniorbediening		Vou van bulletin op Vrydae	
Sopkombuis		Uitreike	
Kommunikasie		Kerklike Feeste	
Klassieke erediens		Vrouebediening	
Familiediens		Mannebediening	
ALIVE Aanddiens		Gebedsbediening	
Musiekbediening *‘Band’*		Koor (Kerk)	
		Gemeentefeeste (Sosiaal)	

Plaas asb. hierdie vormpie in die offergawesakkie OF nuwe intrekkers toonbank OF die kerkkantoor in
OF epos ons gerus by ontvangs@durbanvillegemeente.co.za